BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# GELOOF WAT WERK

## Deel 2 – Hoe om versoeking te oorwin

### AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

**Hoe getrou was jy aan jou EEN TREE die afgelope week? Deel dit met jou groep.**

---

---

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Baie keer sal mense die stelling maak: "*Jy kan my in 'n wip vang met...*" en dan noem hulle een of ander eetding wat baie lekker is. Watter peuselhappies is jou "swakpunt"?**

---

---

---

**Het jy ooit as kind voëltjies in 'n wip probeer vang? Was jy ooit suksesvol daarin? Vertel jou groep daarvan.**

---

---

---

**Wat dink jy is die verskil tussen 'n toets en 'n versoeking? Verduidelik jou antwoord.**

---

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Hebreërs 4:14-16. Hoe laat dit jou voel dat Jesus verstaan waardeur jy gaan as jy versoek word? Hoe dink jy kan Hy jou bystaan?**

**Matteus 6:13 en Lukas 22:40. Hoe sê Jesus moet ons versoeking hanteer? Hoe gereeld pas jy dit in jou eie lewe toe?**

**2 Korintiërs 2:11. Hoe bekend is jy met die prosesse wat die duiwel volg om jou te versoek? Watter effek dink jy het dit as jy sy planne in jou lewe begryp?**

**Psalm 119:9-11 en Efesiërs 6:10-18. Watter rol speel die Woord van God in ons oorwinning oor versoeking?**

**In die preek is die proses van versoeking en sonde verduidelik: *1) Begeertes; 2) Misleiding; 3) Aksie van Ongehoorsaamheid; en 4) Gevolge (dood)*. Hoe dink jy kan dit jou help om sterk te staan indien jy hierdie proses verstaan en kan sien afspeel in jou lewe?**

**In watter areas of watter tye is kwesbaar vir die misleiding van die duiwel in jou lewe? Watter beskerming het jy ingebou in jou lewe om dit te hanteer? Verduidelik.**

**Dink na oor jou kwesbare plekke en jou swakpunte waar die duiwel jou gereeld aanval en versoek. Skryf 'n gebed neer waar jy met die Here daaroor praat.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**